Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

15 Januarie 2023

1 Begin hier



Hierdie week gaan baie van julle terug skool toe, indien jy nie al reeds begin het nie. Dalk sien jy uit om jou maats te sien? Daar is sommige van julle wat dalk na ‘n nuwe skool gaan of wat koshuis toe gaan. Dalk is jy ‘n bietjie bekommerd daaroor of dalk sien jy uit daarna. Dalk is daar ander lede in julle huis wat ook ‘n lewensoorgang deurmaak – soos iemand wat ‘n nuwe werk begin of iets nuut begin doen.

Hierdie week lees ons oor Johannes die Doper, wat geroep is om oor Jesus te getuig. Hy het met sy lewe en woorde ander mense genooi om self te kom kyk na wie Jesus is. Baie mense het Jesus ook begin volg. Só is die eerste dissipel Andreas geroep en hy gaan roep weer sy broer, Petrus, om ook Jesus te volg.

Net só roep Jesus jou ook om Hom hierdie jaar te volg en oor Hom te getuig met jou lewe en woorde.

2 Lees

Johannes 1:29-42
(veral vers 29, 36 en 40-42)

3 Gesels

- Hoe voel jy oor die nuwe jaar wat voorlê? Waarna sien jy uit en waarna sien jy nie uit nie?
- Jesus roep jou om Hom hierdie jaar te volg. Wat beteken dit vir jou om te weet dat Hy saam met jou reis?
- Op watter praktiese maniere kan jy hierdie jaar vir Jesus ‘n getuie wees?

4 Bid

Lees Psalm 121 in Die Boodskap vertaling as ‘n gebed.

https://www.bible.com/af/bible/50/PSA.121.DB

5 Doen

Maak elkeen ‘n kaartjie met een vers uit Psalm 121 wat jy aan jou tas kan hang of in jou kosblik of potloodsakkie kan sit.